

# St. Meletius van Antiogië
## 12 Februarie

(sterf 381)

Hy is Melitene in Armenië gebore en word biskop van Sebaste in 358. Hy was ʼn groot vriend van die heilige Basilius. In 360 word hy benoem tot patriarg van Antiogië en kom hy in die moeilikheid omdat hy die Ariaanse neigings aan die keiserlike hof teengestaan het. Hy word selfs ʼn ruk lank van sy setel ontneem en verban. Met die troonbestyging van keiser Theodosius I word die Ariaanse dwaalleer finaal hokgeslaan. Patriarg Meletius roep in 381 die Kerk Konsilie van Konstantinopel byeen waarvan hy ook die voorsitter was. Hiermee word die ware Christelike leer weereens bevestig en vasgelê. Hy sterf tydens die eerste sessie van die konsilie.

© Die Oratorium Uitgewery